

Struikelblokke in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders deur maatskaplike werkers in nie- regeringsorganisasies

R.G. Carelse
21588287

Manuskrip voorgelê ter *gedeeltelike* nakoming van die vereistes vir die graad *Magister in Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk* van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr. A.A. Roux
Mede-studieleier: Prof. C.C. Wessels
November 2015

DANKBETUIGINGS

- Alle eer en dank aan my Hemelse Vader vir die geleentheid wat Hy aan my voorsien het vir krag en deursettingsvermoë om my navorsing te voltooi.
- `n Spesiale dankie aan my ouers vir hul ondersteuning en liefde en dat hulle my die geleentheid gegun het om my studies te voltooi.
- `n Besondere dankie aan dr. A.A. Roux. Dankie dat u `n wonderlike voorbeeld en steunpilaar was gedurende hierdie navorsing. Baie dankie vir u geduld en insette. Baie dankie ook aan prof. Wessels as mede-studieleier vir al u hulp.
- Baie dankie ook aan die deelnemers wat bereid was om deel te wees van die studie.
- Baie dankie aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit vir die toekenning van `n nagraadse beurs om my studies te voltooi.

TAALVERSORGINGSERTIFIKAAT

SERTIFIKAAT VIR TAALVERSORGING

Hierdie sertifikaat is om te sertifiseer dat die Afrikaanse taalversorging van hierdie verhandeling, geskryf deur mej. Ronel Carelse, deur mev. S.L. van Niekerk gedoen is.

Mev. Van Niekerk is sedert 2008 'n geregistreerde, geakkrediteerde taalversorger vir die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Sy het in dié tydperk die taalversorging van vele Afrikaanse- sowel as Engelse verhandelings gedoen. Sy het haar tersiere opleiding in Desember 1964 voltooi en die Nasionale Onderwysdiploma verwerf. Sy het in 2013, ná bykans 35jaar as 'n veteraanjoernalis, met pensioen afgetree.



Susara Louisa van Niekerk

Hastingslaan 30,

Brakpan.

1541


Telefoon: 011 740-1769 / 083 516 0660

PLEGTIGE VERKLARING

Ek, **Ronél Geraldine Carelse**, verklaar hiermee dat die artikel getitel:

*Struikelblokke in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders deur
maatskaplike werkers in nie-regeringsorganisasies*

my eie werk is.



R. Carelse

11 November 2015

Datum

OPSOMMING

TITEL: Struikelblokke in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders deur maatskaplike werkers in nie-regeringsorganisasies

SLEUTELTERME: Kinders, maatskaplike werker, nie-regeringsorganisasies (NRO), seksuele misbruik, struikelblok, verwysing

Die professie van maatskaplike werk word al jare reeds deur die regstelsel benut om die hof by te staan met die evaluering van 'n persoon se persoonlike omstandighede en die verloop van die regspleging. In die praktyk van maatskaplike werk word daar dikwels vanselfsprekend aanvaar dat 'n persoon wat as maatskaplike werker gekwalifiseer is, oor die nodige kennis en toerusting beskik om die hof by te staan. Hierdie wanopvatting heers ook onder die lede van die maatskaplike werk professie self. Die behoefte aan deskundige getuie in Suid-Afrikaanse hofe neem toe en maatskaplike werkers is egter nie altyd opgelei om in hierdie behoefte te voorsien nie.

Maatskaplike werkers wat in diens van nie-regeringsorganisasies is, het unieke ervarings. Deur middel van opleiding en opvoeding, is maatskaplike werkers vaardighede geleer oor hoe om professioneel tydens dienslewering te bly, maar subjektiewe ervarings en invloede bly deel van die menslike natuur.

Die doel van die navorsing was om die struikelblokke wat maatskaplike werkers van nie-regeringsorganisasies ervaar in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders te epaal. Die navorsing is vanuit 'n kwalitatiewe benadering gedoen. Geregistreerde maatskaplike werkers van NRO's in die Noord- Vrystaat het deelgeneem aan hierdie ondersoek waar semi-gestruktureerde onderhoude met die deelnemers gevoer is.

Vanuit hierdie studie is bevind dat maatskaplike werkers van nie NRO's veral in die landelike gebiede nie 'n spesifieke riglyn volg wanneer sake rakende die seksuele misbruik van kinders hanteer word nie. Elke maatskaplike werker het sy of haar eie wyse hoe om hierdie sake te hanteer. Forensiese assessering kom geensins tot sy reg nie en gevolglik vind weining skuldigbevindings van die oortreders plaas. Die

maatskaplike werkers meld slegs die saak by die polisie aan en nader dan die kinderhof om die kinders te beveilig. Die saak word dan nie opgevolg nie, want die kinders is mos nou veilig. Maatskaplike werkers in hierdie navorsing wat wel dienste op die terrein van forensiese maatskaplike werk lewer en wetlik betrokke was by sake van die aard, besef egter dat dit 'n komplekse terrein is wat spesialiskennis, vaardighede en ervaring vereis. Die maatskaplike werkers in die landelike gebiede wat in hierdie studie betrek is, verkeer onder geweldige druk met hoë gevalleladings, te min tyd en nie beskikbare hulpbronne nie. Daar sal daadwerklike aandag geskenk moet word aan die nodige opleiding om hulle te bemagtig om met die nodige sukses forensiese assesserings te doen wat uiteindelik kan lei tot meer skuldigbevindings van die oortreder. Slegs dan word daar in die beste belang van die kind opgetree.

ABSTRACT

TITLE: Obstacles social workers in non-government organisations experience in handling and referral of sexual abused children

KEYWORDS: Children, non-government organisation (NGO), obstacles, referral, sexual abuse, social workers

The profession of social work is already used for years by the legal system to assist courts in evaluating a person's personal circumstances and the course of justice. In practice it is often taken for granted that a person, who is qualified as a social worker, has the necessary knowledge and equipment to assist courts. This misconception prevails among the members of the social work profession itself. The need for expert testimony in South African courts increases and social workers are not trained to provide this need.

Social workers who are employed by non-governmental organizations have unique experiences. Through training and education, social workers are taught skills on how to remain professional during service delivery, but subjective experiences and the influence remain part of human nature. The purpose of the research was to determine the obstacles social workers at non-government organisations experience in handling and referral of sexual abused children. The research followed a qualitative approach. Registered social workers from NGO's in the Free State Province participated in this investigation where semi-structured interviews were conducted and notes were taken.

According to the results from this study it was found that social workers in NGO's, especially in rural areas, do not have a specific guideline to follow in matters concerning how to deal with the sexual abuse of children. Each social worker has his or her own way of dealing with these issues. Forensic assessments are not being followed and therefore is there little conviction of the offenders. The social workers report only the matter to the police and approach the children's court to protect the children. The cases are not pursued, because the children are now safe. Social workers in this research who work in the field of forensic social work and are legally involved in matters of this kind, realize that this is a complex area that requires specialized knowledge, skills and experience. The social workers in rural

areas, who were involved in this study, are under tremendous pressure with high caseloads, too little time and no available means. Real attention should be paid to the necessary training to empower them to make the necessary forensic assessments that could eventually lead to more convictions of offenders. Only then will they be acting in the best interests of the child

VOORWOORD

Die artikelformaat word in ooreenstemming met Regulasie A.7.2.5 van Jaarboek 2014 vir die graad Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk aangebied.

Die artikel voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif Maatskaplike Werk/Social Work. Vir doeleindes van eksaminering word 'n meer volledige artikel voorgehou. Die manuskrip word ook getik in 1 pt Arial dubbelspasiëring slegs op een kant van 'n A4 bladsy.

Die artikel beslaan 60 krediete uit 'n totaal van 188 krediete van die kursus Magister in Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk.

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

MAATSKAPLIKE WERK/SOCIAL WORK

Die vereistes van die tydskrif *Social Work/Maatskaplike Werk* (ISSN – 0037) is as basis gebruik om die artikels te formuleer. Die volgende voorskrifte aan outeurs:

Die tydskrif publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van die maatskaplike werk. Bydraes mag in Afrikaans of Engels geskryf word. Alle artikels moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde nie. Alle bydraes sal krities deur ten minste twee keurders beoordeel word.

Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na die outeurs teruggestuur word indien ingrypende hersiening vereis word of indien die styl nie ooreenstem met die tydskrif se standaard nie. Artikels van minder as 2 000 woorde of meer as 10 000 woorde sal normaalweg nie vir publikasie oorweeg word nie. Stuur die manuskrip in 14 pt *Times Roman*, dubbel spasiëring as 'n Microsoft Word dokument, elektronies aan hsu@sun.ac.za.

Verwysings moet volgens die Havard-stelsel geskied. Wanneer woordelike sitate, feite of argumente uit bronne gesitater word, moet die van (ne) van die outeur (s), jaar van publikasie, en bladsynommers tussen hakkes in die teks verskyn, bv. "...” (Berger, 1967:12). Meer besonderhede omtrent bronne moet alfabeties volgens die vanne van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bibliografie" verskyn.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS.....	I
TAALVERSORGINGSERTIFIKAAT	II
PLEGTIGE VERKLARING	ERROR! BOOKMARK NOT DEFINED.
OPSOMMING.....	IV
ABSTRACT.....	VI
VOORWOORD.....	VIII
VOORSKRIFTE AAN OUTEURS	IX
INHOUDSOPGAWE.....	X
STRIKELBLOKKE IN DIE HANTERING EN VERWYSING VAN SEKSUEEL MISBRUIKTE KINDERS DEUR MAATSKAPLIKE WERKERS IN NIE-REGERINGSORGANISASIES	1
1. AGTERGROND	1
2. PROBLEEMSTELLING.....	1
3. DOELSTELLING	5
4. SENTRALE TEORETIESE STELLING	6
5. NAVORSINGSMETODOLOGIE.....	6
5.1 LITERATUURONTLEDING.....	6
5.2 NAVORSINGSONTWERP	7
5.3 NAVORSINGSKONTEKS.....	8
5.4 DEELNEMERS.....	8
5.4.1 <i>Insluitingskriteria</i>	9
5.4.2 <i>Uitsluitingskriteria</i>	9
5.5 DATA INSAMELING	10
5.6 PROSEDURES DEUR NAVORSER GEVOLG	10
5.7 DATA-ANALISE.....	12
6. ETIESE ASPEKTE	13
7. VERTROUENSWAARDIGHEID	17
8. BEPERKINGE VAN DIE STUDIE.....	19
9. TERMINOLOGIE	20
9.1 KIND.....	20
9.2 NIE-REGERINGSORGANISASIE.....	20
9.3 SEKSUELE MISBRUIK.....	20
9.4 STRIKELBLOK	20
9.5 VERWYSING	20
9.6 MAATSKAPLIKE WERK	21
10. NAVORSINGSBEVINDINGE.....	21
10.1 PROFIEL VAN DIE DEELNEMERS.....	21
10.1.1 <i>Ervaring as 'n maatskaplike werker</i>	22

10.2	TEMAS EN SUBTEMAS VERKRY VANUIT DIE ONDERHOUDE	22
10.2.1	<i>Tema 1: Proses in die hantering van seksueel misbruikte kinders.....</i>	23
10.2.3	<i>Tema 2: Struikelblokke in die hantering van seksueel misbruikte kinders.....</i>	27
10.2.3	<i>Tema 3: Struikelblokke in die verwysing van seksueel misbruikte kinders</i>	34
10.2.4	<i>Tema 4: Ondersteuning en bemagtiging van maatskaplike werkers ten opsigte van die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders</i>	37
10.2.5	<i>Tema 5: Wat kan gedoen word om maatskaplike werkers te bemagtig?</i>	39
11.	WAARNEMING DEUR NAVORSER	41
12.	GEVOLGTREKKING.....	41
13.	AANBEVELINGS	42
14.	SAMEVATTING	42
15.	BIBLIOGRAFIE	44
	BYLAAG 1: ETIESE TOESTEMMING	52
	BYLAAG 2: TOESTEMMINGSBRIEF ENGO.....	54
	BYLAAG 3: TOESTEMMINGSBRIEF VRYSTAAT VERSORGING IN AKSIE	55
	BYLAAG 4: TOESTEMMINGSBRIEF KINDERSORG	56
	BYLAAG 5: INGELIGTE TOESTEMMING/ INFORM CONSENT DOCUMENTS	57
	BYLAAG 6: OOREENKOMS VAN VERTROULIKHEID/CONFIDENTIALITY UNDERTAKING	63
	BYLAAG 7: ONDERHOUDSKEDULE.....	66-67

LYS VAN TABELLE

TABEL 1: VERTROUENSWAARDIGHEID.....	17
TABEL 2: AANTAL JARE ERVARING AS MAATSKAPLIKE WERKER.....	22
TABEL 3: TEMAS EN SUBTEMAS.....	23

STRUIKELBLOKKE IN DIE HANTERING EN VERWYSING VAN SEKSUEEL MISBRUIKTE KINDERS DEUR MAATSKAPLIKE WERKERS IN NIE- REGERINGSORGANISASIES

Mej Ronél Geraldine Carelse, magisterstudent in Maatskaplike Werk; Forensiese Praktyk by die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit.

Dr. A.A. Roux, Studieleier, Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit.

Prof.C.C.Wessels, mede-studieleier; Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit.

1. AGTERGROND

As maatskaplike werker werksaam by 'n nie-regeringsorganisasie (NRO) in 'n landelike gebied (Noord-Vrystaat), het die navorser tydens groepsupervisies asook gesprekke met ander maatskaplike werkers, ondervind dat sake rakende die seksuele misbruik van kinders deur maatskaplike werkers by NRO's, hanteer word sonder om hierdie sake vir forensiese assessering te verwys. Op grond hiervan wil die navorser eksploreer watter struikelblokke maatskaplike werkers van NRO's in die landelike gebiede ten opsigte van die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders ervaar.

2. PROBLEEMSTELLING

Die misbruik van kinders word deur Zastrow (2010:201) beskryf as “*one of the most despicable sexual offences in our society*”. Volgens Bukua (2003:501) is die seksuele misbruik van kinders 'n ernstige en wydverspreide internasionale probleem. Fouché en Joubert (2003:12) beskou die seksuele misbruik van kinders in Suid-Afrika as 'n bron van kommer aangesien die gevalle wat aangemeld word jaarliks toeneem. Volgens Jewkes *et al.* (2006:2953) word daar elke vier minute 'n kind in Suid Afrika seksueel misbruik.

Hoofstuk drie van die Wet op Seksuele Oortredings, 32 van 2007 (Suid-Afrika, 2007) omskryf handelingte ten opsigte van seksuele misbruik teen kinders as:

- verkragting (seksuele penetrasie);
- seksuele aanranding wat insluit seksuele skending – nie-penetrasie;
- kinderpornografie;
- seksuele aanvoering;
- blootstelling van kinders aan pornografie en kinderpornografie;
- blootstelling van kinders aan seksuele misdrywe;
- die blootstelling of vertoon van geslagsorgane, anus of vroulike borste aan kinders.

Statistiek oor die voorkoms van seksuele misbruik onder kinders in Suid-Afrika is moeilik verkrygbaar, maar na raming het Salzwedel reeds in 2006 beraam dat 500 000 kinders elke jaar seksueel misbruik word (Salzwedel, 2006:22). In Suid-Afrika het seksuele misdade gedurende 2012/2013 volgens die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) vermeerder van 64 514 tot 66 387 (South Africa, 2014:1). Volgens verdere statistieke van die SAPD, soos aangehaal deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (South Africa, 2012:9), is meer as 50 000 misdade teen kinders gedurende 2011/2012 aangemeld, waarvan 52% van hierdie misdade seksueel van aard was, 61% was teen kinders jonger as 15 jaar en 29% teen kinders tussen die ouderdomme van 0 to 10 jaar.

In Suid-Afrika erken die SAPD dat nie alle seksuele misdade aangemeld word nie omdat, in die geval van kinders, die oortreders dikwels familieledede is (South Africa, 2010:12). Indien die toename van seksuele misbruik van kinders beperk wil word, is dit uiters noodsaaklik dat elke bewering van seksuele misbruik deeglik deur maatskaplike werkers wat oor vaardighede in forensiese assessering beskik, ondersoek sal word. Sodoende sal meer skuldigbevindings kan plaasvind (De Jongh, 2012:3; Labuschagne, 2013:3). In navorsing deur Modise (2008:28-29) gedoen, is bevind dat maatskaplike werkers dikwels nie oor die nodige kennis en vaardighede beskik om die seksueel misbruikte kind forensies te assesser nie. Maatskaplike werkers word deur Zastrow (2010:54) soos volg omskryf: “*social workers assist people by helping them cope with issues in their every day lives, deal*

with their relationships, and resolve personal and family problems". Du Bois and Miley (2005:9-10) sluit by hierdie omskrywing aan deur daarop te wys dat "*social workers work directly with client system at all levels...*" Forensiese maatskaplike werk het volgens Barker en Branson (2000:2) sy ontstaan vanuit generiese maatskaplike werk. Forensiese maatskaplike werk is volgens die South African Council for Social Service Professions (2010:1) 'n "*specialized field of social work that focuses on the interface between society's legal and human systems and is characterized by the social worker's primary function of providing expert testimonies in courts of law with the primary client being the judiciary system*".

Maatskaplike Werk as professie is al jare betrokke by die ondersoek van beweringe van seksuele misbruik van kinders (De Jongh, 2012:1). Hulle het sedert die ontstaan van maatskaplike werk, buiten ander funksies soos voorkoming en terapie, ook wetlike funksies vervul soos "om te bepaal of 'n kind sorgbehoewend is, of om getuie in 'n hof aan te bied oor bepaalde omstandighede" (Smith, 2007:1). Tot en met 2006 het daar in Suid-Afrika geen opleiding op nagraadse vlak bestaan wat spesifiek op forensiese maatskaplike werk fokus nie. Maatskaplike werkers wat noodgedwonge forensiese take moes verrig, het dit gedoen en doen dit steeds sonder genoegsame kennis en vaardighede. Dit is dan ook een van die redes waarom sake nie gefinaliseer kan word nie en die hoewe maatskaplike werkers as deskundige getuies dikwels bevraagteken (Ntlatleng, 2008:27; Smith, 2007:2). Die South African Council for Social Service Professions (2010:1) beskou tans forensiese maatskaplike werk as 'n spesialisveld binne maatskaplike werk. Sedert 2006 word 'n nagraadse magistergraad in forensiese praktyk (MMW: Forensiese Praktyk) in die vakgroep maatskaplike werk op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit aangebied (Jaarboek, 2006:94).

Professionele persone soos maatskaplike werkers wat nie opleiding in forensiese assessering het nie, behoort die seksueel misbruikte kind na 'n professionele persoon wat opleiding in forensiese assessering het te verwys (Faller, 2007:3-6). In hierdie verband beweer Faller (2007:8) dat die seksuele misbruik van die kind per definisie 'n saak is wat by forensiese maatskaplike werk hoort omdat dit beide 'n misdad asook 'n bedreiging vir die kind se veiligheid is. Waterhouse (2008:21) wys daarop dat die min skuldigbevindings daartoe aanleiding kan gee dat 'n groot aantal seksueel misbruikte kinders dikwels nie die nodige hulp ontvang soos om vir

forensiese assessering verwys te word nie. Deur die seksueel misbruikte kind vir forensiese assessering te verwys, kan die forensiese maatskaplike werker as deskundige getuie die landdros of regter bystaan om tot 'n geldige gevolgtrekking te kom wat kan lei tot die suksesvolle skuldigbevinding van die oortreder (De Jongh, 2012:3; Fouché, 2006:213; Smith, 2007:2). Volgens De Jongh (2012:4), Faller (2007:3-8) en Kuehnle en Connell (2009:69) is die sleutel tot akkurate assessering van beweringe van seksuele misbruik van kinders om toepaslike rolle en rolgrense tussen maatskaplike werkers en forensiese maatskaplike werkers te vestig en te onderhou.

Die rol van die forensiese maatskaplike werker tydens die hofproses om as deskundige getuie in die hof op te tree, word deur verskeie skrywers onderskryf (Carstens & Fouché, 2005:22; Faller, 2007:5; Kaliski, 2006:2; Stutterheim & Weyers; 1999:11). Volgens Faller (2007:6) is die essensie van forensiese maatskaplike werk dat dit fokus op die regsproses terwyl kliniese maatskaplike werk op terapeutiese intervensie fokus. Binne die konteks van forensiese maatskaplike werk word die maatskaplike werker dus beskou as 'n persoon met die nodige kwalifikasies, kennis en ervaring om as deskundige in die hof te getuig (Carstens & Fouché, 2005:22; Kaliski, 2006:24). Die forensiese maatskaplike werker is primêr gemoeid met die instel van 'n ondersoek na aanmeldings van beweerde seksuele misbruik en moet op grond daarvan 'n forensiese assesseringsverslag vir die hof saamstel, en ook as deskundige getuie in die hof optree.

Die beskerming van kinders vorm 'n belangrike deel van die maatskaplike werker se verantwoordelikheid. Alle kinders is volgens die Grondwet van Suid-Afrika (Suid-Afrika, 1996) gelyk geskape en hulle basiese menseregte moet erken en beskerm word deur deurlopend in die beste belang van die kind op te tree. Die Kinderwet, 38 van 2005 (Suid-Afrika, 2005) beklemtoon dat daar altyd opgetree moet word in die belang van die kind, soos veral blyk uit Artikel 7. Hierdie artikel omskryf die standaard wat gehandhaaf moet word tydens enige intervensies waar kinders betrokke is. Die vraag wat hieruit voortspruit is of die betrokkenheid van die maatskaplike werker in die ondersoek van beweringe van seksuele misbruik van kinders altyd in die belang van die kind optree as slegs 8,9% van die gevalle in 2000 tot skuldigbevindings gelei het (Coetzer, 2006:123-124).

Omdat forensiese maatskaplike werk 'n nuwe spesialisveld in die maatskaplike werk-professie is, bestaan daar volgens die navorser se ervaring in die praktyk van maatskaplike werk 'n verwarring oor wat die rol van 'n forensiese maatskaplike werker alles behels. Hierdie verwarring bestaan nie alleen onder huidige maatskaplike werkers in die praktyk nie, maar ook onder lede van die algemene publiek. In die praktyk word daar dikwels vanselfsprekend aanvaar dat 'n persoon wat as maatskaplike werker op voorgraadse vlak gekwalifiseer het oor die nodige kennis en toerusting beskik om forensiese assessering te kan doen en om ook as deskundige getuie in die hof op te tree. Volgens Barker en Branson (2000:166) is forensiese maatskaplike werk 'n spesialiteitveld wat fokus op die verhouding van die kliënt met die regstelsel. Die forensiese maatskaplike werker moet as deskundige getuie in staat wees om die landdros of regter by te staan om 'n geldige gevolgtrekking te maak wat kan lei tot die skuldigbevinding van 'n oortreder (Carstens, 2006:191-192).

Gesien in die lig van die voorafgaande bespreking is dit vir die suksesvolle vervolging van oortreders van sake rakende die seksuele misbruik van kinders nodig om te bepaal watter struikelblokke maatskaplike werkers ervaar ten opsigte van die hantering en die verwysing van seksueel misbruikte kinders veral vir forensiese assessering. Vir die doel van hierdie navorsing was slegs maatskaplike werkers as deelnemers ingesluit.

Vanuit die voorafgaande ontstaan die volgende navorsingsvraag:

Watter struikelblokke ervaar maatskaplike werkers, werksaam by nie-regeringsorganisasies, in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders?

3. DOELSTELLING

Om die struikelblokke wat maatskaplike werkers van nie-regeringsorganisasies in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders mag ervaar te verken en beskryf.

Die doelwitte van die ondersoek is:

- Om begrip te toon vir struikelblokke wat maatskaplike werkers van nie-regeringsorganisasies in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders mag ervaar.
- Om aanbevelings aan nie-regeringsorganisasies in die Noord-Vrystaat ten opsigte van die hantering en verwysing van sake rakende die seksuele misbruik van kinders vir forensiese assessering te maak.

4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Indien struikelblokke in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders by nie-regeringsorganisasies in die landelike gebiede in die Noord-Vrystaat identifiseer kan word, sal sake van seksuele misbruik van kinders vroegtydig vir forensiese assessering deur maatskaplike werkers verwys word. Forensiese maatskaplike werkers kan dan die hof bystaan om tot 'n regverdige beslissing te kom rakende die seksuele misbruik van kinders.

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Fouché en Schurink (2011:323) beskryf navorsingmetodologie as 'n proses wat die toepassings van 'n verskeidenheid standaardiseerde metodes en tegnieke in die nastrewing na kennis insluit. Die beoogde navorsing is kwalitatief van aard. Volgens Babbie en Mouton (2001:53) is die kwalitatiewe navorser meer besorg oor die beskrywing en verstaan, as oor die verklaring of voorspelling van menslike gedrag.

5.1 Literatuurontleding

Die bestudering van relevante literatuur is 'n noodsaaklike deel van die navorsingsproses. Dit dien volgens Delpont *et al.* (2011:302) die volgende vier funksies binne kwalitatiewe navorsing:

- om die onderliggende aannames van die algemene navorsingsvraag te bepaal;
- om literatuurontledig te demonstreer sodat die navorser oor uitgebreide kennis ten opsigte van verwante navorsing beskik;
- literatuurontleding demonstreer die navorser se vermoë om leemtes in vorige navorsing te identifiseer en daarop voort te bou;

- literatuurontleding help om die navorsingsvraag te formuleer en te verfyn om daardeur te verseker dat die betrokke navorsing van waarde vir die navorsingsgemeenskap en publiek sal wees.

Tydens literatuurontleding het navorsing wat deur Modise (2008:28-29) onderneem is, bevind dat maatskaplike werkers dikwels nie oor die nodige kennis en vaardighede beskik om die seksueel misbruikte kind forensies te assesser nie. Maatskaplike werkers wat noodgedwonge forensiese take moet verrig, het dit gedoen en doen dit steeds, sonder genoegsame kennis en vaardighede. Dit is dan ook een van die redes waarom sake nie gefinaliseer kan word nie en die hoewe maatskaplike werkers as deskundige getuies dikwels bevrageeteken (Ntlatleng, 2008:27; Smith, 2007:2). Volgens De Jongh (2012:4) Faller, (2007:3-8) en Kuehnle en Connell (2009:69) is die sleutel tot akkurate assessering van beweringe van seksuele misbruik van kinders om toepaslike rolle en rolgrense tussen maatskaplike werkers en forensiese maatskaplike werkers te vestig en te onderhou.

’n Literatuurstudie is onderneem om die struikelblokke wat maatskaplike werkers van NRO’s ten opsigte van die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders vir forensiese assesserings te verken en te omskryf. Literatuur rondom seksuele misbruik van kinders asook die aanmelding van seksuele misbruik van kinders in Suid-Afrika, is bestudeer. Verskeie studies, nasionaal asook internasionaal, is ingesluit ten einde akkurate en omvattende inligting te bekom. Literatuur van verwante vakterreine soos psigologie en regte is ter aanvulling van die literatuur uit eie vakgebied vir hierdie ondersoek bestudeer.

Die volgende databasisse is geraadpleeg: ERIC, NEXUS, Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrif-artikels, Social Work Abstracts, Social Science Index, Psyclit en Dissertation Abstracts International en Google Scholar.

5.2 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is volgens Creswell (2013:49) die plan waarvolgens navorsing uitgevoer sal word. Die navorsingsontwerp wat vir hierdie studie gebruik is, is die verkennend-beskrywende ontwerp (exploratory-descriptive design). (Fouché & De Vos, 2011:96). Verkennende studies word onderneem “*to gain insight into a situation, phenomenon, community or individual*”. Beskrywende studies word volgens Mitchell en Jolly (2001:3) asook Rubin en Babbie (2005:123-124) gebruik

wanneer daar min inligting oor die onderwerp bestaan. Volgens Botma *et al.* (2010:194) word beskrywende studies ook gebruik om die fenomeen so akkuraat as moontlik te beskryf. Met hierdie studie het die navorser verken en beskryf hoe maatskaplike werkers seksueel misbruikte kinders hanteer en vir forensiese assessering verwys.

5.3 Navorsingskonteks

Die navorsing is in die Noord-Vrystaat gedoen. Die Vrystaat word gekenmerk deur landerye, berge, goudvelde en wyd verspreide dorpe. Ten spyte van sy natuurlike skoonheid, staar die provinsie `n aantal sosio-ekonomiese uitdagings in die gesig. Die navorser was voorheen maatskaplike werker in Viljoenskroon wat dienste in die Rammulotsi en Vierfontein-area asook by nabygeleë kleinhoewes en plase gelewer het. Viljoenskroon is in die Noord-Vrystaat geleë en word hoofsaaklik deur mielie- en beesboerdery gekenmerk. Tans sluit dit die aangrensende informele gemeenskap Rammulotsi asook Vierfontein in en staan bekend as die groter Maqhaka plaaslike munisipaliteit. Dit is ook deel van die Fezile Dabi distrik. Die Viljoenskroon/Rammulotsi gebied het `n bevolking van 60 000 mense. Viljoenskroon het in die verlede `n rol gespeel in die verskaffing van residensiële verblyf aan die aangrensende myngemeenskap by die diamant- en goudmyne in Orkney. Nabygeleë dorpe sluit in Heilbron, Kroonstad, Eddenred, Welkom, Virginia, Odendaalsrus, Parys, Orkney, Stilfontein en Bothaville. Die navorsing het hierdie dorpe ingesluit wat volgens die maatskaplike werkers van NRO's in hierdie dorpe, tans heelwat probleme ervaar met kinders wat seksueel misbruik word (Noord-Vrystaat, 2015).

5.4 Deelnemers

Die navorser het gebruik gemaak van doelgerigte steekproeftrekking om deelnemers te werf (Alston & Bowles, 2003:58-89). Volgens Creswell (2003:202) het doelgerigte steekproeftrekking ten doel om deelnemers te selekteer wat `n bydrae tot die bestudering van die navorsingsvraagstuk kan lewer. Deelnemers vir hierdie studie het bestaan uit maatskaplike werkers van ENGO-subprogramme gesinsorg in Heilbron, Kroonstad, Vrystaat Versorging in Aksie in Bothaville en Parys en Kindersorgvereniging van Orkney asook Ondersteuningsraad Stilfontein. Die navorser is werksaam by SAVF Rustenburg en was daar dus geen botsing van

belange nie. Die deelnemers het almal ervaring in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders. Semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoude is met maatskaplike werkers gevoer totdat dataversadiging bereik is. Dataversadiging volgens Strydom en Delpont (2011:393) word bereik “*until the amount of new information or the diversity of cases is completed*”.

5.4.1 Insluitingskriteria

- Slegs maatskaplike werkers wat by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoeperegistreer is van ENGO-subprogramme gesinsorg in Heilbron en Kroonstad, Vrystaat Versorging in Aksie in Bothaville en Parys, Kindersorgvereniging Orkney en Ondersteuningsraad Stilfontein, wat ervaring het in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders, is in die navorsing ingesluit.
- Alle geregistreerde maatskaplike werkers wat Afrikaans of Engels as voertaal magtig is van reeds genoemde organisasies en wat ervaring het in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders. Maatskaplike werkers van NRO's in die Noord-Vrystaat kon almal óf Afrikaans óf Engels praat.
- Geregistreerde maatskaplike werkers by reeds genoemde organisasies wat skriftelike toestemming gegee het dat hulle deel van die navorsing wil wees.
- Geregistreerde maatskaplike werkers wat by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoeperegistreer is wat skriftelike toestemming gegee het dat die onderhoude op band opgeneem mag word.

5.4.2 Uitsluitingskriteria

- Maatskaplike werkers wat nie by die Raad vir Maatskaplike Diensberoeperegistreer is nie asook maatskaplike werkers wat nie ervaring het in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders.
- Maatskaplike werkers wat nie skriftelike toestemming gegee het om deel van die studie te wees nie en wat nie toestemming gegee het dat die onderhoude op band opgeneem mag word nie.

5.5 Data insameling

Die navorser het gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude. Semi-gestruktureerde onderhoude is volgens Greeff (2011:351) onderhoude wat plaasvind wanneer 'n stel vooropgestelde vrae as riglyn vir die onderhoud gebruik word, maar steeds buigsaam en aanpasbaar bly. Die hoofdoel van die semi-gestruktureerde onderhoude in hierdie studie is om 'n gedetailleerde beeld van struikelblokke wat maatskaplike werkers van NRO's in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders in die landelike gebiede ervaar. Die navorser het gebruik gemaak van 'n onderhoudskedule om die data in te samel (Greeff 2011:352; Rubin & Babbie, 2005:447-452). **(Bylaag 7)** Onderhoudvoering volgens Greeff (2011:352) is die oorheersende metode van data-insameling in kwalitatiewe navorsing en wat as metode in hierdie navorsing van gebruik gemaak is.

Die onderhoudskedule is deur kenners (dosente) op die terrein van forensiese maatskaplike werk in die vakgroep maatskaplike werk van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, asook kenners van kwalitatiewe navorsing van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, evalueer om kwaliteitskontrole te verseker (Botma *et al.* 2010:137). Die onderhoudskedule is ook aan twee maatskaplike werkers, wat nie in die ondersoek ingesluit is nie, voorgelê om te bepaal of hulle die vrae verstaan. Bandopnames van elke onderhoud is gemaak. Volledige verslae oor die verloop van die onderhoud is van elke deelnemer na die onderhoud geskryf en deur 'n maatskaplike werker wat 'n ooreenkoms van vertroulikheid onderteken het, getranskribeer (Greeff, 2011:359). **(Bylaag 6)**.

5.6 Prosedures deur navorser gevolg

Die volgende prosedures is gevolg om data in te samel:

- Goedkeuring is verkry van die navorsingskomitee van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, om aansoek vir etiese goedkeuring te doen.
- Goedkeuring is verkry van die Health Research Ethics Committee of the Faculty of Health Sciences van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, om die studie uit te voer. **(Bylaag 1)**

- Die navorser het geskrewe toestemming verkry van die bestuurders van ENGO-gesinsorg, Vrystaat Versorging in Aksie en Kindersorgvereniging in die Vrystaat as tussengangers om die studie te doen, nadat die doel van die studie met hulle skriftelik bespreek is.
- Nadat die doel van die studie met die bestuurders van ENGO-gesinsorg, Vrystaat Versorging in Aksie en Kindersorgvereniging van die Noord Vrystaat bespreek is, het die bestuurders, as tussengangers, eers van die maatskaplike werkers toestemming verkry dat hulle name aan die navorser gegee mag word. Nadat die maatskaplike werkers toestemming gegee het, is 'n lys van name van alle maatskaplike werkers in die Noord-Vrystaat deur die navorser saamgestel. Die navorser het hierna die maatskaplike werkers telefonies asook per e-pos gekontak.
- Die doel van die navorsing asook die voordele en nadele is deur die navorser in 'n individuele gesprek telefonies aan die maatskaplike werkers verduidelik.
- Deelnemers is deur die navorser voorberei op aspekte wat van hulle gedurende die onderhoude verwag word. Alle etiese aspekte is met die maatskaplike werkers bespreek sodat hulle volkome van die vertroulikheid van data insameling bewus kan wees en 'n ingeligte besluit kan neem of hulle aan die navorsing wil deelneem al dan nie. Deelnemers is die geleentheid gebied om vrae te vra selfs na die gesprek en hulle is ook meegedeel dat hulle die reg het om enige tyd te onttrek vanuit die studie sonder enige nagevolge, tensy data alreeds versamel en analiseer is.
- Genoegsame tyd (een week) is toegelaat vir deelnemers om te besluit of hulle deel van die navorsing wil wees.
- Skriftelike toestemming is van die deelnemers verkry om die onderhoude op band op te neem. Skriftelike toestemming is per e-pos en faks na die navorser gestuur. **(Bylaag 5)**
- Datums en tye wanneer onderhoude gevoer sal word, is deur die veldwerker met die deelnemers bespreek.

- Die navorser het elke deelnemer aangaande die prosedures wat gevolg sal word ten opsigte van die individuele onderhoude ingelig.
- Die onderhoude met elke deelnemer het tussen een- tot een en 'n halfuur geduur.
- Daar is gebruik gemaak van bandopnames gedurende die onderhoude en 'n volledige verslag na elke onderhoud is saamgestel wat in 'n kabinet, wat kan sluit, in die navorser se kantoor geberg is.
- Die data op die bandopname is deur 'n maatskaplike werker wat 'n ooreenkoms van vertroulikheid onderteken het, getranskribeer. **(Bylaag 6)** Nadat data getranskribeer is, het die navorser alle bande vernietig.
- Data verkry van die transkripsies en notas, is deur die navorser geanaliseer in die vorm van temas.
- Die data wat vanuit die navorsing verkry is, is met elke deelnemer deur die navorser individueel, deur middel van 'n opvolg gesprek, bespreek om te verseker dat die data akkuraat is (*member checking*).
- Die navorser het nadat data verwerk is die resultate van die ondersoek in die vorm van 'n verslag aan die bestuurders van die genoemde NRO's asook die deelnemers weergegee en bespreek.
- 'n Verslag is deur die navorser saamgestel in die vorm van 'n skripsie wat vir eksaminering beskikbaar gestel word.
- 'n Artikel sal voorberei word wat aan 'n geakkrediteerde tydskrif vir moontlike plasing voorgelê sal word.

5.7 Data-analise

Volgens Neuman (2006:459) moet die navorser se fokus in 'n kwalitatiewe data-ontleding wees “*to organize specific details into a coherent picture*”. Data is kwalitatief volgens temas en sub-temas ontleed (Creswell, 2003:153-155). Data verkry uit die onderhoude ten opsigte van struikelblokke wat maatskaplike werkers met die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders ervaar, is deur die navorser self per hand ontleed volgens die stappe uiteengesit deur Botma *et al.* (2010:213) en Schurink *et al.* (2011:402) wat die volgende insluit:

- organisering van data;

- kodering van die notas gebaseer op waarnemings, onderhoude en dokumentasie-oorsigte;
- notering van opmerkings en waarnemings in die kantlyn;
- sortering/organisering van die materiaal en identifisering van ooreenstemmende frases, verhoudings tussen veranderlikes, patrone, temas en die onderskeiding van sub-temas en ooreenstemmende patrone, identifisering van verskille en ooreenstemmende patrone tussen sub-groepe;
- identifisering en beklemtoning van die patrone en prosesse, ooreenkomste en verskille;
- inisiëring van die proses van veralgemenings, die maak van afleidings en oorsigtelike samevattinge;
- neem moontlike veralgemenings in ag en vermy oorhaastige teoretiese gevolgtrekkings.
- kontroleer die data deur middel van opvolg onderhoude met respondente (“member checking”) (Botma *et al.*, 2010:231).

6. ETIESE ASPEKTE

Dit is belangrik dat die korrekte etiese riglyne in 'n navorsingsondersoek gevolg word. Etiese riglyne verseker dat die studie aan 'n sekere standaard voldoen en dat die navorser prinsipieel eties korrek optree (Strydom, 2011:114). Volgens Gray (2009:576) is etiese aspekte 'n stel morele beginsels wat aangebied word en wat deur 'n groep of individu as reëls vir gedrag aanvaar word. Die navorser het 'n verantwoordelikheid teenoor die deelnemers van die studie om eties korrek op te tree (Strydom, 2011:114). Etiek verwys na morele standaarde, wat die navorser moet handhaaf in alle fases van die navorsing. Aansoek is gedoen vir goedkeuring van die *Health Research Ethics Committee of the Faculty of Health Sciences* van die Noordwes-Universiteit om hierdie studie in Maatskaplike Werk Forensiese Praktyk te onderneem. Data sal by die maatskaplike werkdelfing van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, vir minstens vyf jaar geberg en in 'n stoorkamer toegesluit word.

Etiese aspekte wat verband hou met die studie is op die volgende maniere hanteer:

- **Vermyding van skade**

Babbie (2005:63) noem dat maatskaplike navorsing nooit die deelnemers wat bestudeer word, mag benadeel nie. Skade soos genoem deur Strydom (2011:115) in die geesteswetenskappe sal hoofsaaklik van 'n emosionele aard wees. Die menswaardigheid, welstand en veiligheid van alle deelnemers was vir die navorser van belang. Die navorser het seker gemaak dat alle moontlikhede wat kan lei tot skade vermy of tot die minimum beperk word. Om te verseker dat die deelnemers in die studie nie benadeel word nie, is hulle oor die doel en prosedures van die navorsing en wat verwag kan word, ingelig. Die moontlike impak van die studie is ook met die deelnemers bespreek. Alle deelnemers is met respek gedurende die studie hanteer. Berading deur 'n senior maatskaplike werker of terapeut was beskikbaar indien enige deelnemer emosionele skade of ongemak sou ervaar. Geen emosionele skade is deur enige van die deelnemers ervaar nie.

- **Skriftelike ingeligte toestemming**

Die etiese beginsel van ingeligte toestemming beteken om vir die deelnemers alle beskikbare inligting oor die studie te gee, insluitend die risiko's wat betrokke mag wees, sodat elke individu 'n rasonale en ingeligte besluit kan neem oor of hulle aan die navorsing wil deelneem of nie (Gravetter & Forzano, 2003:67). Die doel van die navorsing is aan die deelnemers in 'n toestemmingsbrief verduidelik. **(Bylaag 5)** Deelnemers het ongeveer een week gekry om alle aspekte in die toestemmingsbrief te bestudeer sodat hulle 'n ingeligte besluit kon neem of hulle deel van die navorsing wil wees of nie. Skriftelike ingeligte toestemming is vanaf die deelnemers verkry, om te verseker dat niemand gedwing voel om aan die studie deel te neem nie. Deelnemers het die geleentheid gekry om vrae te vra en hulle is ook meegedeel dat hulle die reg het om enige tyd te onttrek vanuit die studie sonder enige nagevolge, tensy data alreeds versamel en analiseer is (Grinnell & Unrau, 2008:37).

- **Vrywillige deelname**

Dit was belangrik om toestemming vir die navorsing van die maatskaplike werkers wat deel van die studie sou wees, asook die bestuurders van die organisasies te verkry. Dit is baie duidelik gemaak dat deelname aan die studie vrywillig is en niemand verplig moes voel om deel te neem nie (Strydom, 2011:116). Deelnemers is voor die aanvang van die navorsing ingelig dat hulle enige tyd vanuit

die navorsing kan onttrek wanneer hulle ongemaklik voel of vir enige ander rede sonder enige negatiewe gevolge.

- **Anonimiteit, vertroulikheid en privaatheid**

Om anonimiteit te verseker, het die identiteit van die deelnemers anoniem gebly. Op die onderhoudskedule is nommers in plaas van name van elke deelnemer gebruik soos byvoorbeeld deelnemer A en deelnemer B. Deelnemers moes ook skriftelike toestemming gee vir die maak van bandopnames. Alle verslae wat na elke onderhoud geskryf is, is veilig met 'n wagwoord op die navorser se rekenaar beskerm. Getikte verslae is in 'n lêerkabinet wat toegesluit kan word in die navorser se kantoor, waar slegs sy toegang het, gestoor. Die verslae word verder in 'n stookkamer by die sekretaresse van die vakgroep Maatskaplike Werk van die Potchefstroomkampus van die Noord Wes-Universiteit, vir vyf jaar gestoor. Geen persoon sal toegang tot hierdie inligting hê nie insluitend die navorser, studieleier asook mede-studieleier. Alle bandopnames wat getranskribeer is, is op die rekenaar van die navorser, wat met 'n wagwoord beskerm word, gestoor. 'n Maatskaplike werker in die Noordwes-provinsie, wat 'n skriftelike ooreenkoms van vertroulikheid onderteken het, het die transkribering gedoen. Bandopnames is direk na transkribering deur die navorser vernietig.

Onderhoude is in die deelnemer se kantoor gevoer. Geen ander persoon kon toegang tot hierdie kantoor gedurende die voer van die onderhoude verkry nie (Strydom, 2011:119). Tydens elke onderhoud is 'n nota buite die deur aangebring dat geen persoon toegang tot die kantoor mag verkry nie. Kantore van maatskaplike werkers het verseker privaatheid. Onderhoude is deurgaans met maatskaplike werkers agter geslote deure gevoer om sodoende privaatheid en vertroulikheid te verseker.

- **Misleiding van deelnemers.**

Wanneer die navorser doelbewus inligting van deelnemers weerhou, of foutiewe inligting aan hulle voorhou, word dit misleiding genoem (Strydom, 2011:118). Die navorser het aan die deelnemers verduidelik wat die doel van die studie is, die prosedures wat gevolg gaan word, alle etiese aspekte wat van belang is asook waarom dit belangrik is om hierdie navorsing te doen. Geen inligting is van die deelnemers weerhou nie, ten einde hulle in staat te stel om ingeligte besluite te

neem rakende hul deelname en ook om misleiding te verseker (Strydom, 2011:118-119).

- **Aksies en bekwaamheid van die navorser**

Navorsers is verplig om te verseker dat hulle bevoeg en opgelei is om die navorsingsondersoek te onderneem (Mnisi, 2012:8). As geregistreeerde maatskaplike werker, het die navorser die etiese kodes en reëls vir maatskaplike werkers van die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe nagekom. Die navorser het gedurende haar voorgraadse studie asook tydens 'n module in die magisterstudie, die nodige kennis van navorsing in maatskaplike werk bekom. Die navorser is opgelei in onderhoudstegnieke en sy voer in die praktyk onderhoude op 'n daaglikse basis.

- **Voordele en Risiko**

Volgens Botma *et al.* (2010:20) het deelnemers die reg om teen skade en ongemak beskerm te word. Hierdie studie het minimale risiko gehad. Risiko wat wel mag voorkom is dat maatskaplike werkers kan ervaar dat hulle bekwaamheid om verwysings van seksueel misbruikte kinders bevraagteken word. Die navorser het tydens die bespreking van die proses wat met die navorsing gevolg gaan word, dit duidelik aan die deelnemers gestel dat die navorsing se doel is om struikelblokke te verken en geensins om hulle as maatskaplike werkers se bekwaamheid te evalueer nie. Indirekte voordele vir die deelnemers in hierdie studie het behels dat hulle die geleentheid gebied is om hulle persepsies van forensiese maatskaplike werk te bespreek en ook om hulle ervarings te deel van hoe hulle verwysings van seksueel misbruikte kinders hanteer, gesien in die lig daarvan dat hulle geen spesialisopleiding oor seksuele assesserings het nie. Die deelnemers het ook die geleentheid gekry om leemtes in die maatskaplike werkpraktyk ten opsigte van forensiese assessering tydens assessering uit te lig. Aanbevelings van hoe generies maatskaplike werkers bemaagtig kan word ten opsigte van die verwysing van seksueel misbruikte kinders vir forensiese assessering, asook hoe om hulle kennis ten opsigte van forensiese maatskaplike werk te verbeter, is deur die deelnemers gemaak. Die maatskaplike werkers het verder baat by die studie gevind, deurdat dit hulle ervarings, sieninge en werkswyse van forensiese maatskaplike werk kon uitbou. Die ondersoek het ook daartoe gelei dat maatskaplike werkers sake van

seksueel misbruikte kinders vir forensiese assessering sal verwys, wat uiteindelik tot meer skuldigbevindings van oortreders kan lei.

Volgens Strydom (2011:122) moet deelnemers die geleentheid gegun word om deur hul verleentede en trauma te werk by wyse van ontfontingsessies deur 'n terapeut. Die navorser het onsekerhede verminder deur die deelnemers die geleentheid te bied om na afloop van die onderhoud hul situasie met die navorser te bespreek. Geen deelnemer het enige trauma beleef nie en was verwysing na 'n terapeut nie nodig. Deelnemers het geen vergoeding vir hulle deelname ontvang nie.

- **Vrystelling en publikasie van die bevindinge**

Die bevindinge van die studie gaan aan die leserspubliek in geskrewe formaat by wyse van 'n skripsie, sowel as 'n artikel in 'n geakkrediteerde tydskrif voorgestel word (Mnisi, 2012:8). Na dataverwerking sal die bestuurders van die organisasies betrokke, asook die maatskaplike werkers, ingelig word van die resultate van die navorsings wat publiseer gaan word.

7. VERTROUENSWAARDIGHEID

Volgens Botma *et al.* (2010:232) het betroubaarheid vier epistemologiese standaarde naamlik waarheidsgetrouheid, toepaslikheid, konsekwentheid en neutraliteit.

Tabel 1: Vertrouenswaardigheid

Epistemologiese standaarde	Strategies	Toepassing
Waarheidsgetrouheid	Word bepaal deur eerlikheid en kredietwaardigheid	Die navorser het 'n verhouding met deelnemers opgebou alvorens die onderhoude gevoer is. Data is met deelnemers bespreek om akkuraatheid te verseker (<i>member checking</i>) Triangulasie van data is deur die navorser gedoen.

		Die navorser en senior maatskaplike werker het transkripsies vergelyk met die temas en sub-temas om te verseker dat dit ooreenkom (Botma <i>et al.</i> , 2010:232).
Toepaslikheid	Die fokus val hier op oordraagbaarheid en is volgens Schurink <i>et al.</i> (2011:420) <i>“the transferability of one set of findings to another context and is the alternative to external validity or generalizability”</i> .	Die metode van steekproeftrekking is deeglik omskryf. Die aantal onderhoude is deur dataversadiging bepaal. Die resultate is deeglik in die finale verslag beskryf om te bepaal of die resultate op ander maatskaplike werkers toegepas kan word (Botma <i>et al.</i> 2010:232).
Konsekwentheid	Word bepaal deur betroubaarheid. Betroubaarheid dui die mate waarin data wat ingesamel is, volledig en korrek is.	Etiese stappe is volledig uitgevoer. ’n Volledige beskrywing van hoe data ingesamel is, is gegee. Kodering is met die hulp van ’n senior maatskaplike werker gedoen. Daar sal van interne sowel as eksterne eksaminatore gebruik gemaak word om die voltooide navorsingsproduk te eksamineer (Botma <i>et al.</i> 2010:232).
Neutraliteit	Die fokus val op bevestigbaarheid en verwys na die ware weergawe	Die navorser het bewys gelewer dat data ingesamel en geïnterpreteer is in ooreenstemming met die werklikheid en nie gevorm is uit navorser se eie

	<p>van die studie en dat data nie gebaseer is op die vooroordeel van die navorser nie.</p>	<p>subjektiwiteit nie.</p> <p>Deeglike verslae is na elke onderhoud geskryf om volledige rekord van die studie te hou.</p> <p>Bandopnames van elke onderhoud is opgeneem. Die rou data sal gestoor word. Die inhoud was akkuraat gereflekteer. (Botma <i>et al.</i>, 2010:232).</p>
--	--	---

8. BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

- Slegs sewe (7) maatskaplike werkers van genoemde NRO's het aan die studie deelgeneem. Die ander deelnemers het na herhaalde versoeke nogtans nie laat weet of hulle deel van die navorsing gaan wees nie en het ook nie die toestemmingsvorme geteken en na die navorser teruggestuur nie. Die navorser het afsprake gehad met elke deelnemer. Die navorser het nadat afsprake met die deelnemers vir die voer van onderhoude gemaak is, na die verskeie kantore gery. Van die deelnemers was met die navorser se aankoms by die kantore (wat soms tussen 100 en 180 kilometer van die navorser se tuiste is) nie beskikbaar vir die onderhoude nie en/of het reeds ander afsprake gehad, sonder om die navorser daarvan te verwittig. Die navorser moes dan net weer 'n ander afspraak skeduleer.
- Twee deelnemers het vanuit die studie onttrek nadat hulle toestemming gegee het. Een deelnemer het by die organisasie bedank en die ander deelnemer het geen rede verskaf nie.
- Die herskeduleer van afsprake is bemoeilik omdat sommige van die kantore tussen 150 en 200 kilometer van die navorser se kantoor geleë is.
- Die onbereidwilligheid van maatskaplike werkers om aan navorsingsprojekte deel te neem is baie negatief deur die navorser ervaar.
- Maatskaplike werkers wat nie beskikbaar is nie nadat afsprake met hulle gefinaliseer is, skep 'n negatiewe beeld van hulle as professionele persone.

9. TERMINOLOGIE

9.1 Kind

Die Kinderwet, 38 van 2005 (Suid-Afrika, 2005) definieer kind as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar. Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:8) word 'n kind ook gedefinieer as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar.

9.2 Nie-regeringsorganisasie

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werkers (1995:44) definieer 'n nie-regeringsorganisasie as 'n organisasie wat nie deel van die staatstruktuur is nie, wat die maatskaplike funksionering en ontwikkeling van individue, groepe en gemeenskappe bevorder, sonder winsbejag is en soms finansiële steun van die staat ontvang.

9.3 Seksuele misbruik

Die Wet op Seksuele Oortredings, 32 van 2007 (Suid-Afrika, 2007) definieer seksuele misbruik van kinders as die aanranding van 'n kind of sodat 'n kind seksueel misbruik of aangerand en bemoedigend, induserende, of 'n kind dwing, om vir die seksuele bevrediging van 'n ander persoon gebruik te word. Verkryging of toelaat dat 'n kind verkry word vir kommersiële seksuele uitbuiting, of op enige wyse deelneem of bystaan in die kommersiële seksuele uitbuiting van 'n kind. Die gebruik van 'n kind of om 'n kind doelbewus bloot te stel aan seksuele aktiwiteite of pornografie.

9.4 Struikelblok

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (2005:1131) beskryf struikelblok as 'n belemmering, beletsel of hindernis. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die term struikelblokke dus gesien as dit wat maatskaplike werkers belemmer om sake van seksuele misbruik van kinders te hanteer en te verwys.

9.5 Verwysing

Verwysing volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werker (1995:69) is die proses waarvolgens kliënte of aanvraers om hulp met ander hulpbronne in verbinding gestel word nadat hulle medewerking daartoe verkry is. Vir die

doeleindes van hierdie navorsing word verwysing gesien as die verwysing van seksueel misbruikte kinders vir forensiese assesserings.

9.6 Maatskaplike werk

Maatskaplike werkers word deur Zastrow (2010:54) soos volg omskryf: “*social workers assist people by helping them cope with issues in their every day lives, deal with their relationships, and resolve personal and family problems*”. Du Bois en Miley (2005:9-10) sluit by hierdie omskrywing aan deur daarop te wys dat “*social workers work directly with client system at all levels...*”

10. NAVORSINGSBEVINDINGE

Die primêre doel van die bespreking is om die data wat vanaf die deelnemers verkry is te bespreek. Die data is versamel deur gebruik te maak van diepte onderhoude en sal in die narratiewe vorm voorgestel word aangesien die navorsing bestaan uit 'n kwalitatiewe benadering. Om die data te bekom, is daar van 'n onderhoudskedule gebruik gemaak. Die resultate van die studie word volgens die temas en subtemas wat vanuit die onderhoude volg, bespreek soos uiteengesit in tabel 2.

10.1 Profiel van die deelnemers

Die deelnemers wat deel vorm van die navorsing is maatskaplike werkers van nie-regeringsorganisasies (NRO's) in die Vrystaat, wat insluit ENGO Heilbron en Kroonstad, VVA Bothaville en Parys, Kindersorgvereniging Orkney en Ondersteuningsraad Stilfontein. Al die deelnemers het ervaring in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders en het 'n graad in maatskaplike werk. Geen deelnemer het oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik nie. Die deelnemers word vir die doeleindes van hierdie studie na verwys as deelnemer A, deelnemer B ensovoorts.

10.1.1 Ervaring as 'n maatskaplike werker

Tabel 2: Aantal jare ervaring as maatskaplike werker

Deelnemer	Aantal jare ervaring
Deelnemer A	7-10 jaar ervaring
Deelnemer B	10-13 jaar ervaring
Deelnemer C	0-3 jaar ervaring
Deelnemer D	14-17 jaar ervaring
Deelnemer E	20 jaar en meer ervaring
Deelnemer F	0-3 jaar ervaring
Deelnemer G	14-17 jaar ervaring

Uit bogenoemde inligting is dit duidelik dat die deelnemers almal genoegsame aantal jare ervaring as maatskaplike werkers het. Slegs twee (2) deelnemers het 'n minimum van 0-3 jaar ervaring. Die ander vyf (5) deelnemers het almal tussen 10 en 20 en meer aantal jare ervaring as maatskaplike werkers.

10.2 Temas en subtemas verkry vanuit die onderhoude

Vanuit die data verkry vanuit die onderhoude kon vyf (5) temas en 10 subtemas geïdentifiseer word soos in tabel 3 uiteengesit.

Tabel 3: Temas en Subtemas

Nommer	Tema	Subtema
1.	Proses in die hantering van seksueel misbruikte kinders	
2.	Struikelblokke in die hantering van seksueel misbruikte kinders	<ul style="list-style-type: none">➤ Polisie.➤ Kriminele proses.➤ Oortreders.➤ Tekort aan hulpbronne.
3.	Struikelblokke in die verwysing van seksueel misbruikte kinders	<ul style="list-style-type: none">➤ Koste en vervoer.➤ Geen maatskaplike werkers vir forensiese assessering in area nie.
4.	Ondersteuning wat sal help met hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders	<ul style="list-style-type: none">➤ Forensiese maatskaplike werkers.➤ Vasgestelde prosedures/protokolle beskikbaar vir maatskaplike werkers.
5	Wat kan gedoen word om maatskaplike werkers te bemagtig	<ul style="list-style-type: none">➤ Volledige proses/protokol.➤ Hulpmiddel.

10.2.1 Tema 1: Proses in die hantering van seksueel misbruikte kinders

Al die maatskaplike werkers wat in hierdie ondersoek betrek is, het ervaring in die hantering van kinders wat seksueel misbruik is. Op 'n vraag watter proses hulle volg wanneer hulle 'n aanmelding van die moontlike seksuele misbruik van 'n kind ontvang, het die deelnemers verskillende antwoorde gegee soos:

- *“Ek rapporteer die saak by gesinsgeweld, kinderbeskerming- en seksuele misdrywe (GKS). Tweedens versamel ek inligting ten opsigte van die molestering en bied dan terapie aan die kind”*
- *“Ek maak `n saak oop by die polisie, verwys die kind hospitaal toe vir `n mediese ondersoek en dan doen ek assessering op die kind”*
- *“Ek stuur die kind hospitaal toe vir die nodige mediese assessering, afhangende van die situasie, verwyder die kind dan vanuit sy omstandighede, open `n saak teen die beweerde oortreder en staan die kind by met terapeutiese dienste”*
- *“Ek open onmiddellik kinderhofverrigtinge. As die beweerde oortreder saam met die gesin woon dan verwyder ek die kind en plaas hom/haar in `n plek van veiligheid. Ek open dan `n saak by die polisie wat die kriminele ondersoek voltooi. In die tussentyd voltooi ek my verslag op grond van die ondersoek en lewer terapie aan die kind”*
- *“You see, the child referred to us... so, from another organization. The child was falling under our area... so ours was to check if... because it was a father and a daughter thing, so it was to check if they are staying together and what are the circumstances currently of the child..... In terms of the child we render counselling and If the father was there we had to remove the child”. (“Jy sien, die kind word na ons verwys.. vanaf `n ander organisasie. Die kind val in ons area van dienslewering.. ons moes kyk of.. want dit was `n pa en `n dogter ding, so dit was om te kyk of hulle saambly en wat die huidige omstandighede van die kind is.... in terme van die kind het ons berading gedoen en.. as die pa daar was sou ons die kind moes verwyder het)*
- *“Dit verskil van saak tot saak, elkeen is anders, die proses verskil want dit word op verskillende maniere aangemeld. Uhm party keer is dit die biologiese ouer wat dit aanmeld, die ma, soms die pa, soms beide, soms grootmoeder, soms `n familielid, soms die skool, partykeer die kind self. So die proses verskil van hoe jy dit hanteer, maar dit begin gewoonlik met `n aanmelding. Iemand kom meld dit aan by jou, en op grond daarvan moet jy dan besluit watter proses jy gaan volg.”*
- *“ I would report the matter to the police. They will deal with the investigation. I will then consider whether removal is necessary to protect the child”. (Ek sal die saak by die polisie aanmeld. Hulle sal die ondersoek hanteer. Ek sal dit dan oorweeg of die verwydering van die kind nodig is om die kind te beskerm)*

Die proses wat die deelnemers hoofsaaklik volg is om die saak by die Suid Afrikaanse Polisie (SAPD) te rapporteer, die kind vir mediese ondersoek te stuur, assessering te doen, die kind te verwyder en tydelik in 'n plek van veilige bewaring te plaas, verslag te skryf en in die meeste gevalle terapie aan die kind te bied. Dit was duidelik uit die onderhoud met die deelnemers dat hulle geensins 'n spesifieke proses tydens die assessering van die kind gebruik het nie.

Die proses in die hantering van seksueel misbruikte kinders volgens (Faller, 2007: 35-43) sluit in dat daar 'n aanmelding gedoen word, gevolg deur 'n assessering deur die maatskaplike werker. Die saak word aangemeld by die polisie en 'n saak word geopen vir verdere ondersoek. Dit word gewoonlik vereis dat die beweerde oortreder ook ondervra word. In die geval waar die beweerde oortreder saam met die kind bly, word die kind verwyder en in 'n plek van veilige bewaring geplaas.

Vanuit die antwoorde wat van die deelnemers ontvang is, het nie een van die deelnemers die kind vir forensiese assessering verwys nie. In meeste gevalle is daar nie forensiese maatskaplike werkers in die area beskikbaar nie, wat dan vereis dat hulle self die sake moet hanteer. Faller (2007:3-6) wys daarop dat professionele persone, soos maatskaplike werkers wat nie opleiding in forensiese assessering het nie, die kind wat seksueel misbruik is eerder na 'n professionele persoon wat opleiding in forensiese assessering het, moet verwys.

Smith (2007:39-40) is van mening dat forensiese onderhoudvoering van slagoffers van seksuele misbruik van kinders 'n gespesialiseerde vaardigheid is. Die aard van 'n forensiese onderhoud is ondersoekend en word gebruik om inligting te bekom ten einde te bepaal of mishandeling plaasgevind het. Daarom is dit belangrik dat daar volgens 'n wetenskaplike assesseringsmodel of protokol gewerk moet word wanneer forensiese assesserings gedoen word (Faller, 2007: 35-43).

Carstens (2006:192) beveel aan dat professionele persone wat met gevalle van seksuele misbruik van kinders werk, volgens 'n protokol wat in die hof gedefinieer kan word moet werk. Poole en Lamb (1998:81) beskryf 'n protokol in forensiese omstandighede as 'n instrument vir die verhoging van kwaliteit en kwantiteit van die inligting wat forensiese ondersoekbeambtes ontlok. 'n Protokol verskaf rigting en struktuur aan onderhoudvoerders oor hoe om onpartydig te bly terwyl die insameling van inligting die vermoede van mishandeling óf bevestig óf weerlê (La Raque *et al.*

2006:1142). Daar bestaan verskeie protokolle wat gebruik kan word (Vieth, 2009:186).

Smith (2014:169-240) het 'n forensiese assesseringsmodel vir kinders in die middel kinderjare ontwerp wat gepas is vir die Suid-Afrikaanse konteks. Die volgende is 'n uiteensetting van die fases van die forensiese onderhoudvoeringsmodel:

- Fase 1 – Aspekte om te oorweeg voor die assessering van die seksueel misbruikte kind.
- Fase 2 – Aspekte om te oorweeg tydens die pre-forensiese assessering van die seksuele misbruikte kind.
- Fase 3 – Onderhoude met relevante rolspelers.
- Fase 4 – Kies van die forensiese onderhoudvoeringsprotokol.
- Fase 5 – Onderhoude met die ouers/oortreder en ander rolspelers.
- Fase 6 – Ondersoek verskeie hipotese.
- Fase 7 – Verslagskrywing.
- Fase 8 – Deskundige getuienis in die hof.
- Fase 9 – Sluit die saak.

Smith (2007:44) noem dat dit baie belangrik vir professionele persone is wat 'n ondersoek na seksuele misbruik van 'n kind doen, om oor 'n nagraadse kwalifikasie sowel as ervaring in die veld van kinderontwikkeling en die dinamika van seksuele misbruik te beskik. Sommige deelnemers was van mening dat as die kind verwyder word sal dit die proses van terapie vergemaklik. Daar was dan ook van die deelnemers wat van mening was dat dit nadelig kan wees om die kind uit die sorg van die familie te verwyder omdat die kind en die familie 'n gevoel van verlies sal ervaar met die verwydering van die kind.

Hoewel gesinne waarin kinders seksueel misbruik word ongetwyfeld skadelik vir kinders is, kan die verwydering van 'n kind uit die sorg van sy of haar familie net so traumaties wees. Almal sal saamstem dat kinders nie blootgestel moet word aan misbruik of verwaarlosing nie. Die proses vir die kind om vanuit sy of haar huis verwyder te word en in alternatiewe sorg geplaas word, het ook nagevolge en kan 'n negatiewe effek op die kind hê wat hom of haar 'n leeftyd sal bybly (Bruskas, 2008).

Seksueel misbruikte kinders word deur 'n verskeidenheid van faktore geaffekteer soos die sielkundige effek op die biologiese ouers, die spesifieke traumatiese ervaringe (byvoorbeeld verwaarlosing en/of misbruik) wat die verwydering genoodsaak het, die emosionele ontwrigting van die verwydering en die behoefte om aan te pas in die alternatiewe plasing (Isquith *et al.*, 2005:199-221). Die verlies van 'n ouer is waarskynlik een van die mees onstellende ervaringe wat 'n kind kan ondergaan. Verlies van 'n ouer deur staatsintervensie kan ook skadelik wees want dit skep 'n egskeidingscenario waarin kinders uit hul families, vriende en omgewings verwyder word. Dit kan lei tot 'n onherstelbare gevoel van verlies wat ontwikkeling kan belemmer en kan lei tot gedragsprobleme (Silver *et al.*, 1999:150).

10.2.3 Tema 2: Struikelblokke in die hantering van seksueel misbruikte kinders

'n Vraag is aan die deelnemers gestel om die struikelblokke wat hulle in die hantering van die seksueel misbruikte kinders ervaar, uit te lig. Die volgende struikelblokke is geïdentifiseer:

- **Polisie**

Deelnemers het hul frustrasies met die polisie uitgespreek. Volgens die deelnemers spandeer hulle ure om 'n saak by die polisie aan te meld en dan word dit nie deur die polisie opgevolg nie. Een deelnemer het genoem dat sy slegs die saak aanmeld om 'n saaknommer te kry sodat sy dit in haar hofverslag kan aanbring as deel van haar intervensie.

“Ek meld slegs die saak aan om 'n saaknommer te kry want ek weet daar gaan niks daarvan kom nie”.

Ses deelnemers het 'n negatiewe siening ten opsigte van die polisie. Volgens hulle ondervind hulle dat die polisie nie baie behulpsaam is wanneer dit by die aanmelding van 'n saak kom nie. Die deelnemers se sienings word deur die volgende saamgevat:

“Mens wag heeldag by die polisiestasie om gehelp te word en dan kan jy maar net bid dat daar iets van die saak kom”.

As 'n saak van kindermishandeling of die seksuele misbruik van 'n kind by die polisie aangemeld word, is dit die polisie se plig om die saak te ondersoek. Sodra die

polisie die ondersoek voltooi het en alle relevante inligting ingesamel is, moet die polisie besluit of daar genoeg bewyse is om 'n vervolging te oorweeg (Ewing, 2007:286-290).

Die algemene publiek se vertroue in die strafregstelsel en die regering se hantering van misdaad soos seksuele misbruik van kinders is laag volgens Schönteich (2003:1). (Ewing 2007:287) stem met Schönteich saam en gee die volgende as redes waarom die publiek in Suid Afrika vertroue in die polisie verloor: *“the police did not have the personnel to deal effectively with the growing number of cases of child rape being reported”*. Volgens Ewing is *“the lack of communication and partnership between police, welfare services and government”* een van die vernaamste struikelblokke in seksuele misbruik van kinders. In 'n ondersoek van Sibanda en Lombard (2015:343) het die meeste van die 18 deelnemers van Kindersorg in Johannesburg bevind dat *“the lack of corporation and insufficient knowledge among police officers is a huge stumbling block to them in the implementation of the Children’s Act”*. Hierdie tekortkominge by die polisie is ook deur die deelnemers in hierdie ondersoek ervaar. Hulle noem dat die polisie in meeste gevalle nie weet hoe om die saak te hanteer nie. *“Wanneer ek 'n saak van kindermolestering gaan aanmeld, vra hulle my hoekom verwyder ek as maatskaplike werker nie net die kind nie”*. Hierdie toedrag van sake veroorsaak dan volgens een deelnemer dat aanmeldings nie ondersoek word nie. Die gevolgtrekking waartoe van die deelnemers kom, is:

“Hulle weet nie hoe om hulle werk te doen nie”.

Volgens 'n verslag deur die *South African Human Rights Commission (2002: 18-21)*, is die rol van die polisie in seksuele mishandeling sake uiteengesit in die Criminal Prosedure Act, die Nasionale Beleidsriglyne (National Policy Guidelines) en die Gauteng Multi-dissiplinere Kinderbeskerming en Behandelings Protokol (the Gauteng Multi-disciplinary Child Protection and Treatment Protocol). In terme van die raamwerk wat in hierdie dokumente uiteengesit is, sluit die rol van die polisie sake van seksuele misdrywe in, die aanvaarding van kriminele klagtes, inhegtenisneming van die oortreder, borgtog teenstaan, ondersoek van die kriminele klag en die insameling van bewyse, stuur die saak na die aanklaer om te besluit oor 'n vervolging al dan nie, asook om die slagoffer op hoogte te hou van die vordering van die saak.

- **Kriminele proses**

Die kriminele proses neem 'n lang tyd en verdragings by die hof kom oral voor veral ook in die landelike gebiede. Verdragings tydens die kriminele proses moet beperk word as die regte van die kind in aanmerking geneem word (Ewing, 2007:291; Meissner, 2012:1). Volgens Scheepers (2006:154) is die beste belang van die kind wanneer die kind verseker word dat hy of sy tydens die kriminele proses beskerm sal word van verdere skade, geregverdig en met die nodige respek hanteer sal word.

Van die deelnemers noem dat sake baie maklik van die rol geskraap word. Die howe is oorlaai met gevalle, wat veroorsaak dat sake aanhoudend uitgestel word. Deelnemers noem dat dit moeilik is vir maatskaplike werkers om hierdie sake te hanteer. Tyd speel 'n belangrike rol in die hofproses. Volgens een deelnemer gebeur dit dikwels dat maatskaplike werkers lang ure by die hof wag sonder dat persone betrokke by die saak, soos die kliënt of van die amptenare, opdaag.

“Ek sit heeldag by die hof en wag vir die saak om voor te kom, dan daag die mense nie eers op nie.”

Een deelnemer het genoem dat meeste van die sake wat sy hanteer, nie in die hof voorkom nie want:

“Daar is of nie genoeg bewyse nie of die kind wil nie sê wie die oortreder is nie.”

Volgens van die deelnemers is die kinderhof, maatskaplike werkers se grootste ondersteuner wanneer dit by sake waar kinders seksueel misbruik word kom. Maatskaplike werkers steun baie op samewerking met amptenare by die hof maar dit moet besef word dat die kriminele proses volgens een van die deelnemers dikwels 'n lang tyd neem om afgehandel te word.

“Ek open altyd eerste kinderhofverrigtinge. Op die manier kan ek die kind verwyder en in veilige bewaring plaas. Ek kan nie wag totdat die oortreder in hegtenis geneem word nie. Ten minste weet ek die kind is veilig”.

Baie mishandelde kinders en hul families wil nie by die hofproses betrokke raak nie. Hulle wil die mishandeling in die verlede laat en aangaan met hul lewens. Hulle is bekommerd dat hulle hul privaatheid sal verloor, of voel skaam oor wat gebeur het. Hulle is dikwels bang om hof toe te gaan want hulle is bang dat dit meer trauma sal veroorsaak (Scheepers, 2006:151-153). Gallinetti (2007:217) sê die volgende

rakende probleme in die regstelsel by seksuele misbruik van kinders “*we need to ensure a systematic change of work method and ethic in order to ensure a criminal justice culture that is sensitive to child victims of sexual abuse*”. Kinders moet gerusgestel word dat nie die mishandeling of die impak van die gevolglike regsproses hulle skuld is nie. Die oortreder is die enigste persoon wat verantwoordelik is vir die skade en dat die regsproses aan die gang is. Om geskikte berading te ontvang kan kinders help met beide die trauma van die misbruik en die spanning en verwarring wat betrokke is in die regsproses (Fouché, 2006:215-217). Met verloop van tyd, raak kinders en hul gesinne toenemend vertrouwd en gemaklik met die ondersoekbeamptes en professionele persone wat by die saak betrokke is. Hierdie kinders en gesinne kan selfs uitvind dat die professionele persone `n bron van troos en bemagtiging is soos wat die regsproses voortgaan.

Sake wat nie voor die hof dien nie kan soms daartoe lei dat families voel hulle is deur die proses verrai, omdat hulle wou gehad het dat die oortreder meer verantwoordelik gehou moet word en skuldig bevind moes word. Dit kan traumaties vir families wees om uit te vind dat die regstelsel staatmaak op die verkryging van voldoende bewyse om met die proses voort te gaan, eerder as om op die oortuiging van die familie en ander professionele persone dat die kind wel seksueel misbruik is, hulle te verlaat. Elliot en Carnes (2001:320) som die trauma van die familie asook die kind soos volg op: “*the sexual abuse of one’s child is often a highly stressful and disrupted experience, it is not surprising that parents frequently experience significant distress following disclosure*”.

Navorsing dui daarop dat dit baie moeilik is om seksuele misbruik via mediese diagnose te bevestig. Nie net is die mediese assessering `n onsekere diagnostiese hulpmiddel nie, maar die teenwoordigheid van fisiese bewyse is dikwels onwaarskynlik in sake van kinders wat seksueel misbruik is (Skibinski & Nelson-Gardell, 2000:28). Volgens Skibinski en Nelson-Gardell (2000:22-30) is die seksuele misbruik dikwels beperk tot die slagoffer en die oortreder. Die oortreder sal nie self getuig nie en die slagoffer is dikwels bang om oor die misbruik te praat. Die proses kan selfs meer pynlik wees as die beskuldige `n familielid is.

Statistiek beweer dat `n gemiddeld van 60% kinders op `n daaglikse basis in Suid-Afrika seksueel misbruik word en selfs meer kommerwekkend is die feit dat slegs 6% tot 7% van die aangemelde sake in 2006 suksesvol vervolg is (Reyneke & Kruger,

2006:73-100). Nieteenstaande die hoë aanmeldingsyfer van sake van seksuele misbruik van kinders is die skuldigbevindings van hierdie sake in Suid Afrika baie laag (South Africa, 2013/2014). Besluite om te vervolg word beïnvloed deurdat dit in baie gevalle moeilik is om 'n skuldigbevinding te kry. Dit lei dan daartoe dat aanklaers slegs daardie sake neem wat die beste kans op skuldigbevinding het. Dit beteken dit is sake waar daar stawende bewyse is dat die kind wel seksueel misbruik is. Hierdie sake is meestal in die minderheid weens die vertraging in die ondersoek (Cossins, 2006:2).

Die deelnemers noem verder dat die kinders bang is om in die hof te getuig. Wanneer die kinders bewus word dat daar 'n kriminele saak teen die oortreder geopen is, is hulle minder geneig om voort te gaan met die saak. Die kinders vrees dat hulle nie geglo gaan word nie. Die kinders is soms ook bang om voor die regter, landdros of prokureurs te praat. In die gevalle waar die oortreder 'n familielid is, is die kinders bang vir die feit dat die oortreder tronkstraf sal kry (Gogela, 2013:22-23).

Muller en Tait (1997:593) sê dit is belangrik om te verstaan hoe kinders die regsproses sien. Dit is nodig om by die kinders self vas te stel watter aspekte van die regsproses hulle as traumaties ervaar. 'n Aantal veranderinge het plaasgevind in die hof om die stres wat kinders ervaar wanneer hulle getuie is, te verlig, soos die gebruik van tussengangers en kamerakamers, waarby die kind in 'n glasvertrek is. Die kind kan sien wat in die hof gebeur maar die mense in die hof kan nie die kind sien nie. Op so manier word die kind gerusgestel dat die oortreder hom of haar nie kan sien nie. Muller en Tait (2014:596) noem ook dat wanpersepsies wat ontstaan oor die rolle wat gespeel word deur die regter, landdros, prokureurs en staatsaanklaers, probleme veroorsaak by kinders wat in die hof moet getuig en kan dit bydra tot die vrese wat hulle het om as 'n getuie hof toe te gaan. Hierdie negatiewe emosies hou verband met hul persepsies dat 'n hof 'n plek is vir slegte mense en dat hulle tronk toe kan gaan as hulle nie geglo word nie.

- **Oortreders**

Volgens die deelnemers kom hulle nie baie in aanraking met die oortreders nie. In meeste gevalle is die oortreders nie bekend nie of die kind wil nie sê wie die oortreder is nie, wat beteken dat die verwydering van die oortreder nie moontlik is

nie. Dit veroorsaak ook dat meeste van die gevalle nie afgehandel word nie, want die familie wil nie getuig nie.

“Uhm wat dalk kan help is miskien finansies en uhm baie van die gevalle is die ouers se vlak van verstaan of intelligensie is nie altyd dieselfde nie... jy ken ma's, en party verstaan beter as ander met sekere groepe wat ons mee werk, hulle verstaan soms nie regtig hoe ernstig die klagtes is nie of hulle ontken dit omdat hulle nie hulle huis wil verloor of sê nou dis die pa, die man wil verloor nie of die geld het nie, so dit is nogal ietwat van 'n frustrasie soms om deur te dring of om hulle te laat verstaan hoe ernstig dit is... en die uitwerking, die trauma wat dit op die kind het. Ek dink nie almal is altyd kognitief heeltemal by om te verstaan nie.”

Meeste kinders word seksueel misbruik deur iemand wat hulle ken. Deskundiges beraam dat 10% tot 30% van die oortreders vreemdelinge is – die res is familieledede of kennisse van die familie (Jordan & McDermott, 2012:7). 'n Studie wat gedoen is deur Collings en Wiles (2004:19–20) sluit hierby aan deur te bevestig dat soveel as 82% oortreders aan die kind bekend is en dat 75% misdade teen kinders binne die kind se bekende omgewing plaasvind. Seksuele misbruik vind dus in die kind se eie huis plaas deur iemand wat die kind goed ken en deur ander vertrou en gerespekteer word.

Omdat die oortreder dikwels 'n persoon is wat goed bekend en aan die kind en hul familie vertrou is, kan hulle gewoonlik maklik reël om alleen met die kind te wees - dus word die misbruik dikwels herhaal. Die misbruik behels selde geweld want in plaas van om die kind te forseer, gebruik hierdie oortreders beloftes, dreigemente en omkoperij om voordeel te trek vanuit hul vertrouensverhouding met die kind se gesin en die daaropvolgende magteloosheid van die kind (Gogela, 2013:23; Kinnear, 2007:4). Hierdie situasie staan bekend as *grooming* en word deur Turnbull *et al*, (2012:1) omskryf as *“actions deliberately aimed at establishing an emotional connection and trust with a child or young person in order to increase the likelihood of them engaging in sexual behaviour or exploitation”*. In sommige gevalle, kan dit vir jare aangaan (NSW Child Protection Counsel, 2000).

- **Tekort aan hulpbronne**

Die deelnemers voel dat daar nie 'n duidelike prosedure of protokol beskikbaar is wat hulle as maatskaplike werkers kan gebruik in die hantering en verwysing van

seksueel misbruikte kinders nie. Die deelnemers voel ook dat dit gespesialiseerde sake is wat baie tyd verg. Dit veroorsaak dat sommige van die sake nie ná aanmelding by die polisie opgevolg word nie.

Die deelnemers voel dat maatskaplike werkers van NRO's veral in die landelike gebiede nie oor die nodige hulpbronne beskik om sake van seksuele misbruik te hanteer nie. Daar is nie ander professionele persone waarna dienste verwys kan word soos die forensiese maatskaplike werkers nie. Twee van die deelnemers het die volgende siening:

“Daar is geen ander professionele persone waarna ons sake kan verwys nie - veral ons wat in die plaasdorpie woon, hier is niks, net die polisiestasie en die hof.”

“Al wat ons kan doen is om kinderhofverrigtinge te open en die kind te verwyder. En dan doen ek maar terapie met die kind verder.”

Forensiese onderhoudvoering van die slagoffers van seksuele misbruik van kinders is 'n gespesialiseerde vaardigheid. Die aard van 'n forensiese assessering is ondersoekend en word gebruik om inligting te bekom ten einde te bepaal of mishandeling plaasgevind het. Daarom is dit nodig dat forensiese onderhoude gevoer word deur spesiaal opgeleide forensiese ondersoekbeamptes. Forensiese onderhoude kan kritieke bewyse lewer vir beide kriminele, kindermishandeling-ondersoeke en siviele verrigtinge van kinderbeskerming (APSAC, 2012:3; Fouché, 2006:206).

Volgens Cronch *et al*, (2006:195) is forensiese assessering in sake van seksuele misbruik van kinders 'n belangrike aspek in die ondersoek van hierdie tipe misdaad om die beskerming van die onskuldige individue en die skuldigbevinding van die oortreder te verseker. Ongelukkig beskik, die meerderheid van professionele persone in Suid-Afrika wat ondersoeke doen rakende seksuele misbruik van kinders en dus as deskundige getuie in die hof optree, nie oor die nodige opleiding of gespesialiseerde kundigheid nie (Carstens, 2006: 185; Kaliski, 2006: 2). Die verskil tussen forensiese maatskaplike werk en statutêre maatskaplike werk berus daarin dat forensiese maatskaplike werk 'n spesialiteit binne die groter terrein van statutêre maatskaplike werk is (Weyers 2001:20). Professionele persone soos maatskaplike werkers op die terrein van forensiese ondersoeke is volgens Carstens (2006:185) om eerstens te besef dat *“they are professionals in their chosen field of*

specialisation, with the necessary qualifications” en om as deskundige getuie in die hof op te tree. Die opening en afhandeling van kinderhofverrigtinge is een van die primêre funksies van die maatskaplike werker (Weyers 2001:7).

’n Ander struikelblok wat maatskaplike werkers ervaar is die kwessie van taal. Volgens twee deelnemers is dit moeilik om assessering en terapie met ’n kind te doen in ’n taal anders as die van die kind. *“Nog ’n probleem is taal. Ek kan slegs Afrikaans en Engels praat. As ek my hulpwerker moet kry om te tolk verloor ek onmiddellik die kind se vertroue.”* Faller (2007:170) noem dat wanneer die kind se eerste taal van die van die onderhoudvoerder verskil, kan hierdie verskil ’n beduidende struikelblok in die akkurate kommunikasie proses wees. Selfs as die onderhoudvoerder die kind se taal op skool bestudeer het, kan die onderhoudvoerder se beperkte bevoegdheid om die taal te praat, onvoldoende wees om ’n onderhoud, veral met die kind tydens ’n forensiese assessering, te voer. ’n Verdere probleem is om ’n tolk te kry wat oor die nodige vaardighede beskik om dit wat die onderhoudvoerder sê korrek te vertolk. Truter (2010:30-31) het in haar navorsing bevind dat *“problems can arise in the appointment of language interpreters for interviews. These problems indicate that many language interpreters lack various essential competencies”*.

Indien daar na die struikelblokke in die hantering van sake van seksuele misbruik van kinders gekyk word moet daar met Ewing (2007:290) saamgestem word dat, *“if there are a large enough team of people, working with strong enough rape survivors, backed up by enough resources, connected to enough people who know the law, and a few people dedicated to applying it, you can make the system work”*.

10.2.3 Tema 3: Struikelblokke in die verwysing van seksueel misbruikte kinders

’n Vraag oor watter struikelblokke die deelnemers in die verwysing van seksueel misbruikte kinders ervaar, is die volgende struikelblokke geïdentifiseer:

- **Tyd, kostes en vervoer**

Tyd, koste en vervoer is van die deelnemers se grootste uitdagings. Die maatskaplike werker in die landelike gebiede moet al die primêre metodes van maatskaplike werk soos gevallewerk, groepwerk asook gemeenskapswerk in die landelike gebiede doen. Saam hiermee gaan gepaard ook sake van seksuele

misbruik van kinders, wat 'n spesialiteitsrigting in maatskaplike werk is. Hierdie toedrag van sake, asook die maatskaplike werker se onkunde in meeste gevalle oor hoe om forensiese assessering te doen, lei daartoe dat hulle eerder kinderhofverrigtinge open as om met die kriminele proses te begin. Grunder (2014:54) het in haar ondersoek oor redes waarom maatskaplike werkers nie die seksueel misbruikte kind vir assessering stuur nie, die volgende gesê: “social workers are doing the best they can in a situation where support lacks; resources are frequently non-existent; threats are a reality; and they are alone dealing with difficult clients, feeling overwhelmed by stress and the emotional effects on themselves, all while having the stress of finding a placement for the child victim and safeguarding the child”.

'n Behoeftige aan forensiese maatskaplike werkers in die landelike gebiede is deur die deelnemers uitgespreek. Hulle het soos volg gereageer

“As die staat ons ekstra geld kan gee net vir die hierdie tipe van sake, dan sal dienslewering baie meer suksesvol wees.”

“Dit kos ons kantoor baie geld om 'n kind te verwys na 'n sielkundige toe, want ons het nie 'n sielkundige op die dorp nie, veral ons wat in die plaasdorpie woon”.

“The financial aspect of getting a child a forensic assessment. The assessment is costly and most workers are in private practice. I feel it is for the police to sort out with regards to a forensic assessment, but then the issue is who pays for it.” (Die finansiële aspek om forensiese assessering vir 'n kind te kry. Die assessering is duur en meeste werkers is in privaat praktyk. Ek voel dit is vir die polisie om die forensiese assessering uit te sorteer, maar dan is die kwessie van wie betaal daarvoor)

Hierdie situasie lei daartoe dat die seksueel misbruikte kinders na die naaste stad vervoer moet word om in aanraking te kom met die dienste van 'n maatskaplike werker wat wel forensiese assesserings kan doen. Die ouers self beskik meestal nie oor die nodige fondse om vir vervoer en dienste te betaal nie. Die meeste NRO's beskik as gevolg van beperkte finansies ook nie oor fondse om vir hierdie dienste te betaal nie. Hierdie toedrag van sake veroorsaak dat die maatskaplike werkers self hierdie sake hanteer aangesien die ouers dit nie kan bekostig nie.” Soos van die deelnemers dit stel:

“Ons hanteer die sake self want hier is niks, net die polisiestasie en die hof... en die ouers kan dit ook nie bekostig nie”.

Deelnemers noem dat daar hoë koste aan verbode is om kinders vir forensiese assesserings te stuur en dat die organisasies dikwels self die kostes moet dra, of in meeste gevalle beskik die organisasies ook nie oor die fondse nie. `n Ander struikelblok wat nou verband hou met finansies sluit in afstand, vervoer, tyd en kostes betrokke om kinders vir assesserings te stuur. Navorsing wat gedoen is deur Streak en Poggenpoel (2005:41) het gevind dat NRO's `n tekort aan fondse as `n groot struikelblok ervaar wat in die pad staan van dienslewering.

Vanuit hierdie navorsing het dit ook na vore gekom meeste seksueel misbruikte kinders wat vir assesserings gestuur moet word, kom uit gesinne met beperkte finansies en daarom het meeste gesinne nie vervoer om die kinders na en van die assesserings te vergesel nie en berus die verantwoordelikheid op die maatskaplike werker om hierdie kinders te vervoer. As gevolg van groot gevalleladings van maatskaplike werkers plaas die vervoer van kinders na stede vir forensiese assessering verdere druk op die maatskaplike werker. Die assessering van kinders gedurende die statutêre proses word `n gespesialiseerde veld (Verster, 2005:145) en hierdie gespesialiseerde of opgeleide persoon is baie skaars.

- **Geen forensiese maatskaplike werkers in area nie.**

Die deelnemers deel almal die frustrasie dat daar nie forensiese maatskaplike werkers in hul areas beskikbaar is nie. Dit veroorsaak dat die kinders na `n ander dorp moet gaan vir assesserings of die maatskaplike werkers hanteer self die saak, deur kinderhofverrigtinge te open, die kind te verwyder en terapie aan te bied.

The obstacles are finances and the limited social workers who do mainly forensic assessments, that is qualified to do forensic assessments.” (Die struikelblokke is finansies en die beperkte maatskaplike werkers wat meestal forensiese assesserings doen, wat gekwalifiseerd is om forensiese assesserings te doen)

Tot en met 2006 het daar in Suid-Afrika geen opleiding op nagraadse vlak bestaan wat spesifiek op forensiese maatskaplike werk gefokus het nie. Hierdie toedrag van sake het daartoe gelei dat daar in Suid-Afrika `n tekort aan forensiese maatskaplike werkers is. Sedert 2006 word `n nagraadse magistersgraad in forensiese praktyk (MMW: Forensiese Praktyk) in die vakgroep Maatskaplike Werk op die

Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit aangebied (Jaarboek, 2006:94) wat die tekort van forensiese maatskaplike werkers tot 'n mate aanspreek. Daar bestaan nogtans 'n groot tekort aan opgeleide forensiese maatskaplike werkers, veral in die landelike gebiede. Die "South African Council for Social Service Professions" (2010:1), beskou tans forensiese maatskaplike werk nog nie as 'n spesialisveld binne maatskaplike werk. Daar sal waarskynlik in die toekoms meer opgeleide forensiese maatskaplike werkers veral in die landelike gebiede beskikbaar wees.

10.2.4 Tema 4: Ondersteuning en bemagtiging van maatskaplike werkers ten opsigte van die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders

'n Oop vraag is aan die deelnemers gestel om hulle siening te gee oor watter ondersteuning aan hulle gebied moet word ter bemagtiging van hulle in die hantering en verwysing van seksueel misbruikte kinders. Die volgende is deur die maatskaplike werkes genoem:

- **Forensiese maatskaplike werkers**

Soos reeds bespreek het die deelnemers genoem dat die hantering van seksueel misbruikte kinders 'n komplekse en tydrowende proses is en dat hulle van mening is dat forensiese maatskaplike werkers beskikbaar moet wees om hierdie sake te hanteer veral ook in die landelike gebiede.

"Training and the employment of someone in our organisation who only focus on forensic assessments. So if I'm employed to do only forensic assessments, then it would not be an issue of finances. I would liaise directly with the police and prosecutors with regards to the case. And if the organisation cannot employ someone, then there must be a person appointed in the police to do the assessments." (Opleiding en die aanstelling van iemand in ons organisasie wat slegs fokus op forensiese assesserings. So as ek aangestel is om slegs forensiese assesserings te doen, dan sal finansies nie 'n kwessie wees nie. Ek sal direk met die polisie en staatsaanklaers in verbinding tree met betrekking tot die saak. As iemand nie in die organisasie aangestel kan word nie moet daar 'n vasgestelde persoon wees wat in die polise aangestel is om hierdie assesserings te doen).

- **Vasgestelde prosedures/protokolle beskikbaar vir maatskaplike werkers**

Deelnemers is van mening dat as daar vasgestelde prosedure is waarvan maatskaplike werkers gebruik kan maak, sal dit hulle baie help totdat daar genoeg opgeleide forensiese maatskaplike werkers beskikbaar is. Die sake kan dan met die nodige vertroue en bevoegdheid hanteer word soos deur twee deelnemers uitgelig.

“As daar `n vasgestelde prosedure is oor hoe hierdie sake hanteer moet word, sal dit die lewe vir ons baie maklik maak. Die sake sal dan sommer gou afgehandel word.”

Die forensiese ondersoek verskil van die kliniese assessering deurdat die onderhoudvoerder neutraal en sonder vooroordeel die onderhoud voer: *“The interviewer is an advocate for the facts and is considered a truth seeker”* (Steele, 2003:169 soos vervat in Verster, 2005). Potgieter (1996:203–221) soos vervat in Verster 2005) het ‘n forensiese assesseringsmodel ontwikkel, waarin hy gebruik gemaak het van gestruktureerde spel, onderhoude met die kind, gesinprojeksies, fantasie, wense, sinsvoltooiing, tekeninge, selfprojeksie, projektiewe spel en ‘n onderhoud met die ouers. Met hierdie model word die maatskaplike werker in staat gestel om te bepaal of die kind seksueel misbruik is, wat die aard van die misbruik was en wat die naam van die oortreder is (Potgieter 1996:203–221) soos vervat in Verster, 2005). Volgens Faller (2007:66-80) word die meeste forensiese onderhoude gevoer volgens bestaande protokolle wat in verskillende fases ingedeel kan word wat die volgende kan insluit:

- *“Documenting people, time, and place.*
- *Informing the child about the interview.*
- *Competency assessment.*
- *Rapport building.*
- *Developmental assessment.*
- *Assessing overall functioning.*
- *Explaining the rules.*
- *Practice interview.*
- *Introducing the topic of concern.*
- *Obtaining a narrative account from the child.*
- *Obtaining additional details.*
- *Cognitive interviewing.*

- *Closure*”.

Dit is hierdie spesialis kennis wat by die meeste maatskaplike werkers ontbreek en wat hulle as ‘n leemte in die hantering van die seksueel misbruikte kind beskou.

10.2.5 Tema 5: Wat kan gedoen word om maatskaplike werkers te bemagtig?

- **Opleiding in forensiese assessering**

Deelnemers is van mening dat as daar opleiding in forensiese assessering is en ‘n vasgestelde prosedure gevolg word sal dit maatskaplike werkers ook in die landelike gebiede in staat stel om hierdie assesserings te kan doen. Die sake kan dan met vertroue en bevoegdheid hanteer word en kan hulle met sukses as deskundige in die hof optree. Van die deelnemers se siening rakende opleiding was soos volg:

“Ek dink maatskaplike werkers moet kursusse bywoon, hulle moet belese wees, hulle moet meer lees en op hoogte kom van wat is hierdie seksuele offences en wat dit aan ‘n kind doen. Mens kan in elk geval nooit genoeg leer nie. So jy moet kursusse bywoon”.

“Good quality and relevant training, good supervision, a contact person in the police to provide advice and information on the process”. (Goeie kwaliteit en relevante opleiding, goeie supervisie, ‘n kontak persoon in die polisie wat raad en inligting oor die proses kan verskaf).

“Workshops, more studying... I know some social workers, after obtaining their degrees they do law degrees, so they try to help themselves in terms of understanding in terms of to know how or what to do in these cases”. (Werkswinkels, verdere studies... ek weet sommige maatskaplike werkers doen, nadat hulle graad gevang, het ‘n graad in regte, so hulle probeer om hulself te help in terme van om te verstaan wat om met hierdie sake te doen)

“Dit sal baie help as ons voorsien word van inligting rondom forensiese assesserings, soos die proses van verwysing en aspekte van verband hou met die forensiese assessering”.

Uit die bogenoemde inligting verkry van maatskaplike werkers as deelnemers in hierdie studie is dit baie duidelik dat hulle van mening is dat hulle nie oor die nodige kennis beskik nie. Forensiese assessering van die kinders as slagoffers van seksuele misbruik is ‘n gespesialiseerde vaardigheid. Die aard van forensiese

assessering is ondersoekend en word gebruik om inligting te bekom ten einde te bepaal of die misbruik plaasgevind het of nie. Daarom is dit nodig dat forensiese assessering gedoen word deur spesiaal opgeleide forensiese maatskaplike werkers. Forensiese onderhoude kan kritieke bewyse vir beide kindermishandeling-ondersoeke en siviele kinderbeskermingverrigtinge lewer (APSAC, 2012:3; Fouché, 2006:206). Cronch *et al.* (2006:195) stem saam dat forensiese assessering 'n belangrike aspek in sake van die seksuele misbruik van kinders kan speel, ten einde die beskerming van kinders en die skuldigbevinding van die oortreders te verseker. Ongelukkig, beskik die generiese maatskaplike werkers in Suid-Afrika, wat assesserings doen met seksueel misbruikte kinders en in die hof getuig, nie altyd oor die nodige kwalifikasie of kundigheid nie (Carstens, 2006:185; Kaliski, 2006:2). Hierdie toedrag van sake het tot gevolg gehad dat maatskaplike werk as profesie skade berokken is. Maatskaplike werkers wat noodgedwonge forensiese take verrig het, het dit gedoen en doen dit steeds, sonder genoegsame kennis en vaardighede. Dit is ook moontlik een van die redes hoekom die hof maatskaplike werkers se rol, kennis en professionaliteit as minderwaardig beskou, gemeet aan ander profesies soos die sielkunde-profesie (Scheepers, 2008:4). Bow *et al.* (2002) noem dat houe staatmaak op die kundigheid van maatskaplike werkers om beweringe van seksuele mishandeling te assesseer. Hierdie assesserings is kompleks en verg kennis van tegnieke wat gebruik word in die assessering van die seksueel misbruikte kind wat tot die skuldigbevinding van die oortreder kan lei (Fouché & Joubert, 2009:43). Volgens Barker en Branson (2000:1) soos aangehaal in Scheepers (2008:4) het die verhouding tussen die maatskaplike werk-profesie en die regstelsel die afgelope jare meer ondersteunend begin raak omdat die gemeenskap al hoe meer probleme wat binne die regstelsel ontstaan, opgelos wil hê. Spies en Carstens (2005:30-31) kom tot die slotsom dat die belangrikste eienskappe in forensiese assesserings, voldoende opleiding, relevante kennis, vaardighede en ondervinding met seksueel misbruikte kinders is. Maatskaplike werkers se vertrouwe in die hantering van seksueel misbruikte kinders word beïnvloed deur 'n aantal belangrike veranderlikes. Dit sluit in maatskaplike werkers se toegang tot opleiding, portuur en bestuursondersteuning, supervisie, ervaring op die terrein van kindermishandeling en seksuele misbruik van kinders.

11. WAARNEMING DEUR NAVORSER

Maatskaplike werkers van die NRO's veral in die landelike gebiede is meestal nie opgelei in die hantering en die verwysing van kinders wat seksueel misbruik is nie. Hulle beskik dus nie altyd oor die nodige vaardigheid en opleiding om hierdie sake te hanteer nie. Hierdie ondersoek het dan ook uitgewys dat elke maatskaplike werker hierdie sake op sy of haar eie manier hanteer en dit nie altyd vir forensiese assessering verwys nie. In 'n studie van Grunder (2014:47) word daar na Stokes en Smith (2012:83) verwys en kom sy tot die volgende gevolgtrekking: *“Decisions are often made with insufficient, unreliable, conflicting, or missing information within a stressful and pressured organisational and political context and therefore, a social worker should be able and responsible enough to know whether it would be in the best interest of the child to be referred or not”*. Alhoewel daar baie struikelblokke is wat maatskaplike werkers in die landelike gebiede met hantering en verwysings van seksueel misbruikte kinders ervaar, moet daar met die siening van Roux *et al.* (2010:5) saamgestem word dat *“social workers have a responsibility towards their client system and the community”*. Indien seksueel misbruikte kinders nie vir forensiese assessering gestuur word nie, kan daar geensins sprake wees dat daar in die beste belang van die kind opgetree word nie.

12. GEVOLGTREKING

